

Dinsdag 22 Oktober

Skrifgedeelte: Efesiërs 4:7-15

Fokusgedeelte: Efesiërs 4:11-12, 16

Dien in en bou saam aan die kerk!

Om deel te wees van die heerlike verbondsgemeenskap van God beteken nie dat ek en jy net maar ontvangers kan wees van al die wonderlike gawes wat die Here in sy kerk aan ons gee nie! Nee, elkeen van ons word ook geroep om ons eie gawes aan te wend om die ander lidmate te dien en saam te werk aan die opbou van die kerk!

Die kerk van die Here is nie soos 'n passasierskip waar ons op die dek kan sit en bedien word nie! Nee, die kerk is soos 'n oorlogskip waar daar nie plek vir passasiers is nie, net vir soldate wat elkeen 'n opdrag het. Daarom gebruik God verskillende mense met gawes vir verskillende take in die kerk. Hy gebruik sommiges as predikante, ouderlinge en diakens (vs 11) om die lidmate toe te rus SODAT die lidmate hulle dienswerk in die kerk kan doen en saam kan werk aan die opbou van die kerk (vs 12)! Die doel van hierdie dienswerk en bouwerk is dat elke lidmaat tot geloofsvolwassenheid in Christus kan groei. Die Here gee vir ons ook die toerusting waarmee ons moet dien en werk, naamlik: die liefde en die waarheid (vs 15). Deur altwee hierdie instrumente te gebruik, kan die kerk en elke lidmaat groei na Christus toe! Sonder liefde of sonder waarheid "groeï" die kerk weg van Christus!

Die genade van hierdie opdrag lê daarin dat Christus self besig is met die bouwerk en dat Hy elkeen van ons gebruik en toerus om saam daaraan te werk. Ons is Christus se medewerkers en ons moet met gesindheid van liefde en met die waarheid in ons hande, saam werk sodat die liggaam van Christus, sy kerk – maar ook ek en jy – tot volle wasdom kan groei!

Sing: Skrifberyming 15-1:1-4

Ds. P (Piet) Venter (Potchefstroom-Oos)